GRADEPLEGTIGHEIDINLIGTING – DESEMBER 2022

Vrywaring: Die aanvanklike gradeplegtigheidskennisgewing word aan alle finalejaar- en nagraadse studente gestuur, ongeag of hulle by een van die Desember-gradeplegtighede in 2022 sal gradueer of nie.

Die blote ontvangs van hierdie inligtingsdokument dien dus nie as ’n bewys dat ’n kwalifikasie verwerf is nie, want die dokument word versprei en uitgegee voor die bekendmaking van die name van die studente wat by die onderskeie plegtighede sal gradueer.

Studente wat vir graduering in aanmerking kom, sal ’n e-poskennisgewing oor die gradeplegtighede ontvang. Program- en naamlyste van graduandi word van Woensdag 30 November 2022 af bekendgemaak. Studente moet aan alle vereistes vir die spesifieke sertifikaat, diploma of graad voldoen om te gradueer. Foute kom wel voor en die verantwoordelikheid rus op u om seker te maak dat u aan al die vereistes voldoen om u kwalifikasie te ontvang.

Let verder daarop dat studente wat die tweede assesseringsgeleentheid benut en slaag (A3-assesseringstydperk van 17 November tot 3 Desember 2022), hul kwalifikasies by die gradeplegtigheidsweek van 27 tot 31 Maart 2023 sal ontvang.

Lokaalbesonderhede
Die toekenning van grade, diplomas en sertifikate (met inbegrip van doktors- en eredoktorsgrade) vind plaas in die:

Coetzenburg-sentrum (Coetzenburg-sportterrein)
Suidwalweg, Coetzenburg
Stellenbosch, 7601
Suid-Afrika
Koördinate: 33 ° 56’25 ” S 18 ° 52’16 ” E
Klik HIER om toegang tot Google Maps vir die ligging te kry
Kampuskaart (let op die gebou by nommer 18 op die kaart)